BEROEPENUUS en ANDER NUUS uit kerkverband
Met leedwese het ons verneem dat dr. CN van er Merwe (hy was tans redakteur van *Die Kerkblad* oorlede is. Sy gesin en familie word die troos van die Here toegebid. Die begrafnis was reeds in hierdie week.

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

TINKTINKIETAAL VAN TOTIUS–deur wyle prof. PW Buys (2) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)
Dit gaan hier om twee sake: die eerste is Totius se roeping; die tweeds sy styl.
Roeping
Dat Totius 'n man met 'n besondere roeping was, staan by verskeie skrywers baie vas. 'n Paar voorbeelde sal dit verduidelik. In 'i
In 'n huldigingsartikel by Totius se sewentigste verjaardag roep die redakteur van *Die Huisgenoot* (M Viljoen) die feit in herinnering dat prof. Kamp Totius meermale *vates* genoem het. Dit is die Latyn vir profeet. siener, digter. Hierdie benaming, sê Viljoen, tipeer Totius "met die oog op die hoë roeping wat hy in sy werk in ons nasionale Iewe vervul. Ons dink hier natuurlik nie aan die toornende Ou-Testamentiese profeet nie, maar eerder aan 'n man wat toegerus vir die stryd van vandag, met liefde en teerheid, maar ook met strengheid as die omstandighede dit vereis, sy boodskap aan sy volk bring. En hierdie boodskap is dat ons as Calvinistiese volk 'n sekere roeping het om aan die Suidpunt van Afrika te vervul. In diens sowel as in digwerk lewer Totius hierdie diens aan sy volk"
Leipoldt dui in die reeds genoemde gelukwensing Totius se roeping aan: "As een van diegene wat die denneboom geplant het waarvan die profeet praat, rus daar op hom (Totius -P.W.B.) die verpligting om te waak dat ons nie uit die hout daarvan afgode vir ons sny nie; as een van ons geestelike owerstes durf hy vermaan en waarsku, leer en toelig, in die volle versekering dat ons ag slaan op wat by sê ".
Roland Holst sê dit heel sterk na 'n besoek aan Totius dat die "bijna heilige eenvoud het mij later begrijpelijk maakte, hoe deze kleine groote man, deze dienende dichter op een stillen achtergrond als het ware,' het volksgeweten van den Afrikaander belichaamt". *Word vervolg...*

07/10– Minnie du Plessis 0829235697	10/10– Johann Venter 0729145505
09/10– Johan Schalekamp 0844223706	11/10– Elmi Bester 0823379864
10/10– Beneatha van Schalkwyk 0828736934	11/10– Kobus Venter 0728893390
	Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur

Baie geluk met u verjaarsdag

Geleerdheid is die opleiding vir 'n ambag; opvoeding is die opleiding vir die gebruik van die ambag – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

06 Oktober 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Rut 3
Teks: Rut 3:1,18
Sing: Ps. 84:2,3; Ps. 42:1,3; Ps. 92:6; Sb.18:5,6 (17-2:5,6)

SES MATE GARS AFGEMEET

Die kernwoord in hfst. 3 is die woord RUS. Hierin sien ons dat die Heilige Gees wil ons wys op die rus wat ons in God kan vind. Die Heilige Gees laat ons aan die hand van Rut by hierdie rus uitkom, om dan in God RUStig te wees...

Dit alles in 'n tyd waarin ons so RUSteloos kan wees. Tog is ons nog nie by die volle rus nie, die volle sewe. Ons kom by ses mate gars...

KATKISASIE– Katkisasie begin vandag weer vir laaste kwartaal

TWEEDE EREDIENS– (ná katkisasie)
Skriflesing: Rut 4; Deuteronomium 25:5-10
Teks: Rut 4:8-10
Sing: Ps.122:1,2; Sb.17:1,5 (17-1:1,5); Ps. 128:1,2,3

MEER WERD AS SEWE SEUNS

Rut 4 is 'n hoogtepunt! Die kerk ontvang sewe uit sewe, die volheidsgetal van God, méér as ses mate gars wat Boas kon afmeet...

Watter wonderlike boodskap het die vroue oorgedra as hulle vir Naomi sê dat die enkele vrou, die enkele Rut is *vir jou meer werd as sewe seuns...*

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 24 en 25
Ouderlinge: Johan de Jonge, Willie J/van Rensburg
Diakens: Johan du Plooy, Marinus Lorist

Volgende Sondag (13/10) – Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: Chris Putter

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Ds. Andries Mulder het die knie en been wat al so baie probleme gegee het, weer ontsteek. Ons gebed is dat die Here 'n verskil sal maak en dat die terugslae met die been nou mag verander en hy mag genees. Hulle dogter, Henta met haar gesin was ook verlede naweek in 'n motor-ongeluk, op pad terug van vakansie. Ons is saam het hulle die Here dankbaar dat Hy hulle behoue laat bly het al is die skade op die voertuig groot. **Sr Marthie Steyn** het groot terugslag weer in haar gesondheid gehad. Ons is dankbaar dat sy weer uit die koma gekom het. Ons gebed is dat die Here hierdie beterskap sal bestendig. **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd.

Sr Margaretha Coetzee word volle herstel toegebid na die knievervangingsoperasie. Sy het laat weet dat dit met haar in Middelburg onder omstandighede goed gaan. Ons bid haar volkome herstel toe, ook met die oog op n operasie vir die ander knie. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Magriet Venter** se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Sy het ook hierdie week verjaar. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Intand-houding
13/10/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Bybelver-spreiding Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
13/10	Diakonie-verg.
22/10	Finans en advies-verg
24/10	Kerkraadsverg
24/10	Huwelik-Br Lukas de Beer en sr Alicia Schalekamp
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n
R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband die laaste 2paar weke weer mooi gegroei. Ons het in die 2 weke R13 000-00 bygekry. Ons is nou byna op R100 000-00

Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. http://bit.ly/105wmGY

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 6

*Totius het `n reeks artikels geskryf oor Psalm-en Skrifberyming. In `n sinode in Leeuwarden, Nederland, het deputate aanbeveel dat die letterlike woorde van hierdie gebed eerder gesing moet word, as `n parafrase.* [Laasgenoemde beteken `n omsit in ander woorde, soos berymings baie kan wees. Skrifb 28 in die ou Psalmboeke is Totius se beryming van die Onse Vader. Op grond hiervan, en die volle pragwerk van al ons Psalms en Skrifberymings, wil ek stel dat ek dit eerder as besondere en suiwere Skrifverklarings sien, as om dit te beskou as **parafrases**. Laasgenoemde wyse van omgaan met die Woord het vir my die gevaar daarin dat dit voorgee om letterlik die betekenis van die Skrif weer te gee, terwyl dit nie so is nie.]

[Ek gaan nie die "Onse Vader" vers vir vers behandel nie, en gee slegs Totius se kommentaar oor "daaglikse brood". **Ek beveel aan dat die Heidelbergse Kategismus se verklaring hier behandel word.** (Sondae 45 – 52.)]

6:11, daaglikse brood – *"daagliks" beteken in die Grieks hier "wat aankom". Dit gaan oor die dag* wat begin. *Mens bid vir "brood vir die dag wat gaan kom." Dit gee sin daaraan om dit aan die begin van die dag te bid.*

Twee dinge kom hieruit: (1) Ons moet van dag tot dag lewe. Abraham Kuyper het gesê: "Ons sielskrag is daar nie op aangelê om die sorge van meer as één dag op `n slag te dra nie . . . of die dag van môre ons s'n sal wees, is die geheimnis van God. Ons weet dit nie. En as dit God behaag om aan ons ook die dag van môre te skenk, sal daar ook môre `n toegang tot die Troon van genade wees."

*(2)Ons moet met **brood** tevrede wees. Kuyper: "Die bede vra om **brood**, om niks meer nie, om niks by hierdie brood nie . . . Dat dit onse God behaag om aan ons veelal **meer** as brood te gee, is `n oortolligheid . . ." Ons het nie "reg" op iets nie. Deur ons te beperk tot die vra om brood, wek Christus die volgende in ons op: (a) Dat ons op niks meer as brood aanspraak moet maak nie, en (b) dat ons elke dag besef watter genade dit is as God iets anders nog daarby gee.*

*Christus leer ons hiermee dat God oor alle voedsel beskik, dat **Hy** hierdie beperking in wat gevra word oplê en dat Hy meer gee as wat ons verwag. Dit maak mens dan skaam om te dink hoe ondankbaar ons kommer is, ten spyte van die oorvloed wat gegee word.*

Tog wek die HERE hiermee ook `n "vertrouensvolle stemming". As daar gebrek is, wek God tog die vertoue dat Hy beskik oor ons ete en drinke. Kom die swaar dae waarvan die Woord profeteer in Openbaring, sal ons verstaan waarom Jesus hierdie bede beveel het: Lewe van dag tot dag. Ontvang wat God gee met dank. Openb 6:6 se "rantsoen" praat van "net genoeg vir een persoon en vir een dag."

6:14-15, vergewe – Dat Jesus hierdie een bede uitsonder om verder te verklaar, kan verstaan word in die lig van die rigiede, liefdelose Fariseïsme. Daar mag geen grense gestel word of uitsonderings gemaak word aan vergewens-gesindheid nie.

6:16-18, vas – Christus veroordeel nie soseer "vas" nie, maar reguleer dit. Daar het tog egter baie wanpraktyke in die kerke ontstaan. Die Jode het ook twee vasdae per week vasgestel gehad - iets wat nie in die Ou Testament beveel is nie. Hulle kon uiterlik toon dat hulle vas deur as oor hulle te strooi, nie te was nie of selfs deel van die gesig of kop te bedek.

Verbind hierdie verse met v 2, wat sê dat die geveinsdes reeds hulle loon weg het en dit nie in die Koninkryk sal kry nie. Hulle loon is nou daarin dat hulle deur die mense geëer word oor hulle gebede en vas in die openbaar. Dit is nie godsdiens nie. Nie diens van God nie. Gebed is bedoel, dat dit deur God verhoor word – nie om deur mense gesien te word nie. In Jes 58:9 is die Israeliete wat in ballingskap was vermaan om nie die vroeëre huigelary van die volk te herhaal nie. Daardie vermaning aan Israel was presies net soos Jesus met hierdie vermaning bedoel het.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

4 Okt. 1871– Sarel Cilliers oorlede; *4 Okt. 1919*– Ds. Petrus Postma oorlede; *4 Okt. 1922*– WITS universiteit geopen; *5 Okt. 1844*– Pres FW Reitz gebore; *6 Okt. 1887*– Jan Bantjes oorlede; *6 Okt. 1943*– Gustav Preller oorlede; *7 Okt. 1854*– Genl. CR de Wet gebore; *9 Okt. 1847*– ds. SJ du Toit gebore; *9 Okt. 1881*– Ds. Dirk van der Hoff oorlede; *10 Okt. 1825*– Paul Kruger gebore; *11 Okt. 1531*– Dood van Ulrich Zwingli; *11 okt. 1858*– Ds. Dirk Postma word in Pietermaritzburg gaan haal; *13 Okt. 1867*– Eerste diamant in SA gevind; *14 Okt. 1834*– Afskeiding van Christelik Gerf kerk Ulrum in Nederland; *19 Okt. 1687*- Eerste kerkgebou op Stellenbosch deur Simon van der Stel ingewy; *22 Okt. 1685*– *Edik* van Nantes herroep ; *22 Okt. 1847*– Genl. JH de la Rey gebore; *25 Okt. 1838*– Louis Trichardt oorlede; *26 Okt. 1854*– Die Makopane moorde, waar Hermanus Potgieter– genl. AH Potgieter se broer vermoor is; *28 Okt. 1629*—Maria van Riebeeck gebore; *29 Okt. 1944*– Afrikaanse Psalmberymings in ontvangs geneem *; 31 Okt. 1517*—Martin Luther spyker sy 95 stellinge teen kerkdeur vas